

6 Oktober

Gestremdheid lyk dan so na sinlose lyding

Skriflesing: Romeine 8:18-30
Fokusgedeelte: Romeine 8:18, 22 & 23

Alle mense ervaar een of ander tyd in hulle lewe lyding. Lyding is eintlik onvermydelik deel van 'n mens se aardse bestaan. Daarom praat die apostel Paulus van "... die lyding wat ons nou moet verduur ..."

Hierdie lyding het verskillende gesigte in verskillende mense se lewens. Dink maar net aan die skielike dood van 'n kind, 'n ongeneeslike siekte, 'n huwelik wat op die rotse beland, 'n erg gestremde liggaam.

Hoe moet 'n mens hierdie dinge verstaan? Is dit God wat ons straf? Is dit Satan? Dit lyk alles so sinloos, so onnodig. Waarom laat God dit toe? Hoe moet ek dit hanteer?

Paulus gee ons perspektief op ons lyding wanneer hy sê dat "die hele skepping tot nou toe sug in pyn van verwagting". Geen geboorte is mos pynloos nie. Daarom is die pyn wat ons nou moet verduur, soos by gestremdheid, in werklikheid kraampyne wat met ons geestelike geboorte as kinders van God gepaardgaan (vs 23)! Die troosvolle nuus is die feit dat die Heilige Gees ons in hierdie proses bystaan. Ons weet nie altyd wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees tree vir ons in. Hy sug saam met ons in die proses (vs 26).

God se doel met hierdie geboorteproses en die gepaardgaande lyding is om ons uiteindelik gelyk te maak aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers en susters kan hê (vs 29). Ja, al hierdie dinge, selfs ook gestremdheid, werk vir ons ten goede mee waar ons op pad is na die Vaderhuis met sy baie woonplek.

Sing: Skrifberyming 18-1:1, 4 & 5

Ds. Danie de Kock (Krokodilrivier)